

Die ouer vroue

Hope can see heaven through the thickest clouds.

–Thomas Brooks

Die ouer vroue

Ons het reeds na die ouer mans gekyk, maar Paulus praat ook met die ouer vroue: *Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee (Titus 2:3).* Die direkte vertaling lees soos volg: *Die ou vroue moet net so in hulle gedrag toegewy wees, nie kwaadpraters nie ...*

Ouer vrouens kan soms ophou om om te gee wat ander mense dink – hulle verloor hulle filters as hulle praat. Hierdie is natuurlik nie uniek aan ouer vroue nie. Soms gee ons filter in en ons sê iets wat ons nie moes gesê het nie. Wat gebeur dan? Ons probeer onself regverdig: “Dit is nie die ware ek nie.”

Luister na C. S. Lewis: “If you turn the lights on in a basement and see mice scurry away, the lights didn't *create* the mice. They just *revealed* them.” Jy mag dinge goed wegsteek 99% van die tyd, maar as jy werklik onder druk is, kom die ware jy na vore. Hoe ouer jy word, hoe meer gebeur dit. Mense sien dit raak. Maar ouderdom het nie die lelike gees geskep nie – dit het dit net geopenbaar.

Dit hoef nie so te wees nie. Met verloop van tyd word hulle ouer en mooier, want hulle mooi karakter kom meer en meer na

vore. Karakter is mooier as fisiese skoonheid. Ons moet hierdie karakter deur die evangelie voed – om meer te fokus op wat jy met jou gees as met jou liggaam doen.

*Because you can't really take credit if you're beautiful at 20; just about everyone is. **But you have no one but yourself to blame if you're ugly at 80*** (J. D. Greear)